MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 10/2025 **31 Julie 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

In New York, a "bell-to-bell" ban on smartphone use in schools means students are prohibited from using their cell phones from the first bell of the school day until the last bell, including during break and other non-instructional time.

Na samesprekinge met ouers, onderwysers en leerders is Midstream College vanaf Maandag ‘n selfoonvrye sone tydens skooltyd. Leerders sal hulle fone om 07:30 moet afskakel, en mag eers weer na skool om 14:00 hul fone aanskakel. Wêreldwyd, asook in Suid-Afrika, is dit onomwonde bewys dat leerders se konsentrasievermoë en prestasie afneem as gevolg van die gedurige onderbreking. Gevolglik word selfone by al hoe meer skole tydens skoolure verbied.

Goewerneur Sanders van Arkansas het die *Bell to Bell, No Cell Act*-wetgewing wat slimfone sal verbied aangekondig en bygevoeg: *We have seen a staggering rise in mental illness among young people over the past decade. The culprit is clear: unrestricted access to smartphones and social media*.

Die negatiewe impak van sosiale media, die gebrek aan sosialisering by sommige leerders, selfs uitdagings met geestesgesondheid word onder andere hieraan toegeskryf. Oortreders se slimfone sal gekonfiskeer word en ouers kan dit die daaropvolgende Maandag kom afhaal. Ek vertrou ouers, onderwysers en leerders sal saamwerk om so vir ons kinders ‘n beter omgewing te skep waarin hulle kan floreer en presteer.

Die derde kwartaal word deur verskeie kultuuroptredes en -kompetisies gekenmerk. Ons koor (Melodia) en revue het reeds hul eerste optredes gehad en baie positiewe repliek ontvang. Sterkte ook aan ons redenaars, dramaleerders en orkeslede wat self hierdie kwartaal ‘n bedrywige program het. Ek hoop om julle almal op Sondag 17 Augustus by ons MC^3-konsert by Emperors Palace te sien. Die MC^3-konsert is nog een van die onlangse gesamentlike projekte tussen ons drie skole waar die beste van elke skool se kultuur vir ‘n glansryke aand sorg. Meer besonderhede rondom die skakel vir kaartjies volg sodra dit beskikbaar is.

Ek salueer graag al vier ons rugbyspanne wat verlede Saterdag in die Blou Bul-finaal was. Wen of verloor, julle het ons almal trots gemaak en julle het beslis jul beste gegee. Sterkte vir die volgende ronde van die Noordvaal-kompetisie wat Saterdag plaasvind. Slegs die o. 14’s speel tuis. In dieselfde asem sterkte ook aan al ons meisie- en seunshokkiespanne wat almal in die volgende twee weke in hul onderskeie Noordvaalfinale deelneem. Ons krieket- en sagtebalspelers, saam met die landloopatlete, staar ook ‘n bedrywige kwartaal in die oog.

Leerders het almal verlede week hul vraestelle teruggekry en matrieks het reeds hul rapporte ontvang. Die res van die College sal teen Dinsdag hul rapporte elektronies ontvang. Gebruik gerus die komende oueraand indien u enige vakonderwysers wil sien. Meer detail volg later in hierdie nuusbrief. Carpe Diem, gryp elke akademiese geleentheid (sonder slimfone 😊) gedurende die res van die jaar aan.

Baie sterkte vir hierdie bedrywige kwartaal en ek hoop elke onderwyser, leerder en ouer kon iewers tydens die vakansie bietjie stilstaan en tyd saam met geliefdes spandeer. Ek en my familie was bevoorreg om Turkye te besoek. Dit was sielsverrykend.

GRAAD 9-VAKKEUSE

Ons herinner u aan die graad 9-vakkeuse-inligtingsaand op 14 Augustus om 18:30 in die saal. Vir vakinligting kan u op die volgende skakel klik: VAKKE.

Independent Education

Die tydskrif vir onafhanklike- en privaat skole in Suider-Afrika *Die Winter 2025-uitgawe* is nou aanlyn beskikbaar by: WINTER 2025

Independent Education
The magazine for independent and private schools in Southern Africa

Aansoeke nou oop vir SpringFest 2025!
Ons is verheug om aan te kondig dat aansoeke nou oop is vir **SpringFest 2025**!
As deel van die SpringFest Lifestyle Exhibitor Committee nooi ons jou graag uit om deel te neem aan vanjaar se opwindende geleentheid – ’n lewendige viering van leefstyl, kreatiwiteit en gemeenskapsverbondenheid.
Ons glo dat jou produkte of diens ’n waardevolle toevoeging tot ons dag sal wees, en ons sien daarna uit om moontlik saam met jou te werk.
Klik asseblief op die skakel hier onder en voltooi die aansoekvorm om vir deelname oorweeg te word.

Kontak ons gerus indien jy enige vrae het of verdere inligting benodig. Ons sien daarna uit om jou aansoek te ontvang en jou moontlik by ons by SpringFest 2025 te verwelkom!

Doen nou aansoek: AANSOEK . **Besoek ons webwerf** www.springfest.co.za

AKADEMIE		**Klik op die skakel vir akademiese inligting.**
SPORT		**Klik op die skakel vir sportuitslae.**
KULTUUR		**Klik op die skakel vir kultuuruitslae.**